www.matthew28.co.za

# Naamtetiese Apologetiek

## (Nouthetic Apologetics)

Lesing 4

Harry van Huyssteen
harryvh@matthew28.co.za
0826546736

# Naamtetiese Apologetiek

- Lesing 1: Beginsels van Naamtetiese Apologetiek
- Lesing 2: Die Uniekheid van Christus – Die Gesalfde
- Lesing 3: Die Groot Verhaal – die Ewige Lewe
- Lesing 4: Anwoorde op aanslae teen ons geloof

# Twee waarhede uit die Skrif (van baie)

- Messiaanse Profesieë

  Histories – **Spesifieke Persoon – Die Messias** – Jesus Christus

- Die Groot Verhaal

  Die Hoop vir alle nasies – Toekoms – **Ewige Lewe**

# Wanneer openbaar God Hom aan 'n mens?

**Jeremia 29:13**: *"En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart."*

**Matteus 7:7-8**: *"[7]Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. [8]Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word."*

**Openbaring 3:20**: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."*

# Die Woord van God en die Drie-Eenheid

**Deuteronomium 18:18**: *"[18]'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. [9] En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis."*

**Johannes 12:48-50**: *"[48]Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. [49]Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. [50]En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek — net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek."*

**Johannes 14:24-26**: *"[24]Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. [25]Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; [26]maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

**Sagaria 12:10**: *"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind."*

# Hoe deel ek dan die ware Karakter van God en Sy Reddingswerk aan iemand - Die Evangelie:

**Onthou:**

1. Stel belang wat hy/sy sê en luister goed
2. Praat oor die kerk, of iets wonderliks wat gebeur het
3. Begin om te getuig van die verandering wat in jou lewe plaasgevind het toe jy sekerheid oor die Ewige Lewe gekry het – sluit Skrif in soos bv 2 Messiaanse profesieë
4. Jy deel nou die evangelie met die persoon
5. Gee die persoon geleentheid om uit te spreek hoe hy/sy dit verpersoonlik en Christus aangeneem het as Verlosser
6. Maak baie seker dat die persoon opgevolg word en by die kerk inskakel, gedoop word (Markus 16:16) en 'n dissipelmaker word.



Romeine 6:23; Efesiërs 2:8

**duim (sterkte)** GENADE

..... Ewige lewe is 'n gratis geskenk, kan nie verdien word nie

Romeine 3:23; Matteus 5:48

**wysvinger (skuldig)** MENS

.... is 'n sondaar, kan homself nie kan red nie

1 Johannes 4:8b; Handelinge 17:31

**middelvinger (hoogste)** GOD

..... is regverdig maar het ons baie lief

**ringvinger (getrou)** CHRISTUS

Johannes 1:1;14; Jesaja 53:4-6

..... God&Mens, gee deur Sy Kruisdood vir ons die Ewige Lewe

**pinkie (swakste)** GELOOF

Jakobus 2:19; Handelinge 16:31

..... Nie net kopkennis nie, Neem Jesus aan as Verlosser en Here

# Moontlike Besware teen ons geloof

# Islam: Die profesie van die Redder wat kom in Deuteronomium 18:18 verwys na Mohammed

**Petrus bevestig dat daar juis na Christus verwys word in Handelinge 3:23**

Handelinge 3:18-23: *"18maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. 19Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, 20 en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, 21Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete. 22Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. 23En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word."*

**Mohammed pas glad nie in by die konteks wat die Skrif ons gee oor die Messias nie.**

- Gebore in Bethlehem uit die stam van Juda (Miga 5:1)
- Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek (Psalm 110:4)
- Mohammed was nie Goddelik nie, nie een van die Drie-Eenheid nie (1 Johannes 5:7). Hy was nie ewig daar nie (Miga 5:1) en kan ook nie die ewige lewe gee nie (1 Johannes 5:20)

# Islam: Judas is in die plek van Christus gekruisig

- Handelinge 3:18-23 kan gesien word dat dit Christus is wat gekruisig is en nie Judas nie

- Matteus 27:5 verklaar dat Judas homself opgehang het

- Sagaria 12:10: God self verklaar dat Christus een met Hom is en gekruisig gaan word

# Daar bestaan nie 'n God nie, of: Ek glo nie die Bybel nie

Indien die profesieë in die Bybel gelees word, kan nie anders as om te besef dat daar 'n God is nie en dat die Bybel deur God geïnspireer is nie.

# Jesus Christus is nie die Enigste Weg na die Vader nie

- Hy is God self. Die volle wese van God is in Hom beliggaam. So, indien jy toenadering tot God soek, soek dit by God self en nie 'n ikoon nie (Kolossense 2:8-9). In die volgende Skrif word beslis nie van ,n gewone profeet gepraat nie: Maleagi 3:1; Johannes 1:29; Jesaja 42

- Jesus Christus verklaar self dat Hy die Enigste Weg is na die Vader (Johannes 14:6); Johannes bevestig in 1 Johannes 5:12.

- 'n Mens het die keuse om of binne Christus te sterf en die Ewige Lewe te ontvang (Johannes 6:47), of buite Christus te sterf en steeds deur Christus geoordeel te word op grond van jou werke (1 Korintiërs 3:8; 2 Korintiërs 11:15)

# God van die Ou Testament is wreed en die God van die Nuwe Testament is 'n God van liefde. Dit maak nie sin nie

Hoe moet 'n God van liefde optree? Die volgende toelaat?

> Deuteronomium 18:9-13: *"[9]As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee,*
> *moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. [10]Daar mag*
> *niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan —*
> *wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,*
> *[11]of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees*
> *wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. [12]Want elkeen wat hierdie dinge doen, is*
> *vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle*
> *voor jou uit. [13]Opreg moet jy wees met die HERE jou God."*

Wie moet jy vrees? Hom wat die lewe gee en kan wegneem:

> Openbaring 14:7: *"En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."*

# God van die Ou Testament is wreed en die God van die Nuwe Testament is 'n God van liefde. Dit maak nie sin nie

## Kies die Lewe!

Deuteronomium 30:19: *"Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag"*

Lukas 12:4-7: *"[4]En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna*
*niks meer kan doen nie; [5]maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy*
*doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom! [6]Word vyf mossies nie*
*vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. [7]Maar selfs die hare van*
*julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies."*

Filippense 3:8: *"Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry."*

Gratis eBoeke: “Laat die Woord Getuig”

“Let the Word Testify”

“God, ‘n Persoonlike Realiteit”

“God, a Personal Reality”

**www.matthew28.co.za**